

Pta Oos Boegman Spanredenaars

Onderwerp: Die kamera is 'n dief

Spreker A: Katrijn

Spreker B: Femke

Spreker C: Marje

Katrijn

Daar is 'n dief in ons huis... dis my ma se kamera:

Femke

(Ma stem) “Sussie kry haar eerste tand”

(Marje maak haastande en glimlag – die ander neem 'n denkbeeldige foto)

Katrijn en Femke

“Klik!”

Femke

Ek kry my eerste puisie !”

Katrijn en Marje

“Klik!”

Marje

“Sussie doen ballet”

Katrijn en Femke

Klik!

Marje

Pa doen die leeuloop”

Almal

Klik, klik, klik!

Katrijn

Maar waar is má in elke oomblik?

Almal

Mamma is agter die kamera!

Katrijn

Voorsitter, dames en here, ons leef in 'n era waar MIN dinge NIE gedokumenteer word nie – van die sop in ons borde tot die VLIEG in ons sop word afgeneem. Slimfone het hierdie fenomeen verder gevoer met vinnige funksies wat jou van jou sitkamer na die wêreld se kletskamers neem - binne sekondes.

Femke

Ja-nee, ek dink nog ek wil my ouma bel en vertel ek het 'n Valentynsbriefie gekry dan het my ma lankal 'n nuusberig op die familie whatsapp groep gepubliseer!

Marje

Of op Facebook! Dáár is ons gesin blykbaar al beroemd! Ons foto's kry meer duime op as 'n taxi-bestuurder op 'n besige dag.

Femke

Dis nog niks! Mý ma stuur sommer foto's kóérant toe dán neem sy die koerant af en deel dít op Facebook!

Katrijn

Ja, die kamera vang spesiale oomblikke, belangrike gebeure en die mooiste prentjiesvas, maar kundiges reken dat mense TE behep raak met kiekies neem en deel. Ek, Katrijn Roefs, Femke Boegman en Marje Boegman (*stel naam en van voor – elkeen sit nadat voorgestel is*) stem heelhartig hiermee saam. (*Almal knik kop en oog*).

Ons is van mening dat die kamera 'n DIEF is en aan die hand van drie inbrake sal ons aan u bewys wáárom daar 'n wag voor die lens geplaas moet word.

Femke het die eerste inbraak ondersoek en sal nou haar bevindinge met ons deel. Femke , ek stel jou graag aan die woord.

(Katrijn sit. Femke staan.)

Femke

Dankie Katrijn Die eerste inbraak is op ons vreugde. In 'n artikel in die Psychology Today Tydskrif van Augustus 2016, deel die sielkundige Maryanne Gary van die Victoria Universiteit in Nieu-Seeland, haar navorsing wat bevestig dat die primêre doel van fotografie verskuif het van geheue gereedskap vir die herdenking van spesiale gebeure en familietyd na 'n manier en middel van kommunikasie en selfbeeld verryking.

Ons neem nie meer foto's oor ons 'n oomblik geniet nie – maar oor ons dit vir die wêreld wil wys. “Lag weer soos julle nou gelag het, maar die keer vir die kamera!”

(Femke hou denkbeeldige kamera en Katrijn en Marje gee valse laggie.)

En die oomblik is bederf. *(sit)*

Almal

Gesteel!

Katrijn

(staan) Dankie Femke. Om by jou argument aan te sluit, verwys ek graag na 'n artikel wat ek op ww.jezebel.co.za, gelees het oor 'n studie deur die navorsingspesialiste, 'ALL OF LIFE TODAY', in 2016, wat toon dat die gemiddelde vrou omteent 38 keer per dag na haar eie refleksie soek in haar selfoonskerm, kamera of in spieëls.

Marje

(bly sit) Sjoel! As jy jou somme gaan doen, gee dit jou 266 keer per week en 13870 keer per jaar wat jy vir jouself kyk en 140 000 keer per dekade!

Katrijn

Die studie toon ook dat vóórkoms vir die gemiddelde mens belangriker is as geld, gesondheid en verhoudings.

Femke

Maar, net soos in die verhaal van Sneeuwitjie, kan geen towerkrag, oogroom, botox, of puisie-poeier aan jou innerlike skoonheid óf ware geluk verskaf nie. Al staar ons heeldag vir onself, vir die waarheid moet mens dieper delf!

Almal

(tuit lippe oordrewe en hou denkbeeldige foon in regterhand op na bo, sê dan met tuit “eendlippe”) Selfie-selfie in my hand – die botox laat my lippe brand!

Katrijn

Ja, die kamera steel die vreugde van die oomblik. Volgende stel ek graag vir “Marje” aan die woord om aan ons te bewys dat oormatige gebruik van die kamera verder inbraak maak op ons lewens. (*sit*)

Marje

(*staan*) Dankie Katrijn. Die tweede inbraak wat die kamera maak is op ons kosbare herinneringe. Op die BBC se webwerf lees ek ‘n berig gedateer 17 September 2016, met die opskrif: “Die impak van te veel foto’s op jou geheue”.

Hierin sê Linda Henkel, 'n professor in sielkunde aan Fairfield Universiteit in Amerika, dat navorsing toon dat die oormatige neem van foto's jou vermoë om besonderhede van 'n gebeurtenis te onthou eintlik benadeel.

Femke

(*bly sit*) Ja-nee, my ma kan nie meer 'n naam sonder 'n gesig onthou nie. Daarom het ons foto's van verlangse familie en onderwysers op ons yskas.

Katrijn

(bly sit) Nou die dag het my pa amper die verkeerde kind by die skool opgelaai!

Marje

Ons generasie word deur 'n vergrootglas groot, maar niemand ken ons nie! Die kamera is nie net 'n dief nie, maar 'n leuenaar. *(sit)*

Katrijn

(staan met denkbeeldige kamera. Die res poseer vir haar, presies gelyk soos sy verduidelik) Vir die perfekte kiekie, lig die ken en knak die nek, onthou om die wenkbroue te rek en liggies op die voortande te kners – so ja, dis die een daardie, so lyk jy nes 'n Barbie!

Marje en Femke

Eks 'n Barbie pop...

Katrijn

Ons laaste argument sal finaal bewys dat die kamera wer-KLIK 'n dief is! (*sit*).

Marje

Die kamera steel nie net jou innerlike geluk, die vreugde van die oomblik of jou geheue nie, maar ook jou aandag! In sy boek, *The Minimalist*, sê die skrywer en motiveringspreker, Joshua Fields, dat die kamera te veel van jou vakansietyd opeis terwyl jy die skoonheid van die onvolmaaktheid van die lewe miskyk, omdat jy vir 'n perfekte prentjie deur 'n lens soek. Hiermee stem ons saam, want wat maak Kersfees lekker? Die foto's? nee!

Almal

Familie-bakléiery!

Femke

Die kos is koud, die tafel is verkeerd gedek, sussie hardloop met haar nat voete deur die huis, pa het die hoender laat val, iemand het in hondemis getrap... maar op die foto is alles perfek – wat het dit so spesiaal gemaak? Alles behalwe perfeksie! So sit 'n slag die kamera neer en gee jou aandag vir die daardie stories wat die kamera nooit vertel nie. (*sit*)

Katrijn

Dames en here, ek glo u sal nou met ons saamstem dat die kamera 'n dief is, want dit steel die vreugde van die oomblik, jou kosbare herinneringe en al die aandag! So wat sal JY gryp as jou huis afbrand? Jou foto's? Jou kamera?...

Almal

(*almal staan*) Nee!

Marje

Daar's iets van groter waarde in ons huis... wat geen dief kan steel nie.

Femke

Pa se gryshare.

Marje

Ma se spatare.

Femke

Ousus se eerste kerel

Marje

Ma se melktert.

Katrijn

Elke oomblik wat vir ons gegee is.

Almal

Wat nooit met die wêreld gedeel is. Klik-klik-klik! LEEF vir die oomblik! (*knik oog en loop af.*)